

17 Maart

Skrifgedeelte: 1 Timoteus 4:6-16

Fokusgedeelte: 1 Timoteus 4:7b tot 9

'n Goeie dienaar moet genoeg oefen

Net so min as wat 'n goeie sportman sonder genoeg oefening sy sport kan beoefen, net so min kan jy 'n goeie dienaar van die Here wees sonder gereelde oefening om in toewyding aan God te lewe. Paulus gaan selfs so ver om te sê dat jou oefening om as gelowige te lewe belangriker as liggaamlike oefening is. Selfs met gereelde oefening word jou liggaam uiteindelik oud en swak. Daarteenoor getuig Ps 92: "Die regverdiges sal sterk wees soos palmbome soos hoë seders op die Libanon... Selfs in hulle ouderdom sal hulle nog toeneem in krag."

Paulus se raad aan Timoteus is: Kry genoeg oefening in gelowige diensbaarheid. Om net te sê jy is 'n gelowige, skop jou nie sommer outomaties in rat vir diensbaarheid nie. Wat nodig is, is oefening om in en deur Christus te lewe. Dan is sukses gewaarborg (vers 9): "Dit is 'n betroubare woord en kan sonder voorbehoud aanvaar word".

Hoe oefen 'n mens om in toewyding aan God te lewe? Die belangrikste oefening is kommunikasie. Luister daagliks na God se Woord en antwoord Hom in opregte gebed. Oefening twee is die praktiese toepassing. Die liefde waarvan die Skrif praat, moet gestalte kry. Honger mense moet kos kry, siekes en eensames moet opgesoek word en die wat hartseer is, moet vertroos word.

'n Mens kry gewoonlik niks reg as jy nie eers geoefen het nie. Begin sommer vandag oefen om in toewyding aan God te lewe. Hoe meer jy oefen, hoe beter sal jy dit regkry!

Sing: Psalm 89:6 (1936-beryming) Ds DJ de Kock (Pietersburg-Suid)